



Raisins

South Africa



KOSTEGIDS
2026



Raisins

South Africa



Beautiful Country

BEAUTIFUL RAISINS

9 Groenpunt Way, Office 1, Keidebees

+27 54 495 0283

admin@raisinsa.co.za



Inhoudsopgawe

	VOORWOORD	03
	FNB: JY BESTUUR REEDS RISIKO – MAAR DOEN JY DIT DOELBEWUS?	04
	FNB: PERSONEEL	08
	BEDRYFSTRUKTUUR	09
	DOEL VAN HIERDIE GIDS	09
	BYDRAES TOT DIE PUBLIKASIE	10
	DIE WÊRELDMARK PRAAT... VERSTAAN JY DIE BOODSKAP?	11
	SUID-AFRIKA DROOGDRUIFSTATISTIEK 2025	13
	GEOGRAFIESE PRODUKSIE-AREAS	19
	DEELNAME EN AANNAMES	20
	PRODUKSIEKOSTE VAN DROOGDRUIWE	23
	INKOMSTEPOTENSIAAL	29
	BEDRYFSINKOMSTE, GELYKBREEK EN SENSITIWITEITSANALISE	46
	BESTE TEENOR DIE BEDRYFSGEMIDDELD	51
	KAPITAALUITLEG VIR VESTIGING VAN ROSYNTJIEDRUIWE	56
	DROOGBANE	61

Voorwoord

As produsent verstaan ek eerstehands die uitdagings en geleenthede wat ons droogdruiwebedryf daaglik ervaar.

Hierdie kostegids is nie bloot 'n versameling syfers nie – dit is 'n praktiese bestuursinstrument wat ons help om beter besluite te neem in 'n toenemend komplekse ekonomiese omgewing.

Die 2025-seisoen het weereens die veerkragtigheid van ons bedryf bewys. Met 'n plaashekwaarde van meer as R3 miljard en 'n sterk herstel in produksie en winsgewendheid, sien ons duidelik dat die fondament van die bedryf gesond is. Wat vir my as produsent besonder uitstaan, is die merkwaardige herstel in netto bedryfs-inkomste – van 'n verliesposisie in 2023 tot 'n sterk wins in 2025. Dit bevestig dat volgehoue fokus op produktiwiteit en kwaliteit werklik vrugte afwerp.

Terselfdertyd wys die gids duidelik dat kostedruk nie gaan verdwyn nie. Produksiekoste bly styg, met arbeid as die grootste enkele komponent. Tog sien ons ook dat produsente wat hul opbrengste verhoog en skaalvoordele benut, daarin slaag om kostes per ton betekenisvol te verlaag. Dit beklemtoon 'n belangrike beginsel: winsgewendheid lê nie net in prys nie, maar in doeltreffende produksie.

Een van die waardevolste insigte in hierdie gids is die verskil tussen die gemiddelde produsent en toppresteerders. Die data wys dat beter bestuur, hoër opbrengste en streng kostebeheer kan lei tot dramaties hoër bedryfs-inkomste. Hierdie is nie teorie nie – dit is praktiese bewys van wat moontlik is op plaasvlak.

Die pad vorentoe is ook belowend. Met projeksies wat verdere groei in produksie aandui, en geleenthede vir uitbreiding, tegnologiese verbetering en kultivarvernuwing, is die potensiaal groot. Dit vra egter doelgerigte beplanning en ingeligte besluitneming.

“

Ek wil elke produsent aanmoedig om hierdie gids deeglik te bestudeer en dit as 'n hulpmiddel te gebruik – nie net vir begroting nie, maar vir strategiese beplanning. Ons sukses as bedryf lê in ons vermoë om aan te pas, te verbeter en saam vorentoe te beweeg.

”



David van der Merwe
Raisins South Africa: Voorsitter

Groeten

FNB | Jy bestuur reeds risiko – maar doen jy dit doelbewus?

As daar een ding is wat produsente in die rosynebedryf goed verstaan, is dit dat onsekerheid deel is van die spel. Of dit nou weerstoestande, wisselvallige pryse, stygende insetkoste of logistieke uitdagings is – daar is min dinge in landbou wat ooit heeltemal seker is.

Tradisioneel fokus ons baie op goeie finansiële bestuur, beplanning en dissipline om hierdie uitdagings te hanteer. Maar miskien is daar 'n eenvoudiger manier om daarna te kyk: die meeste besluite wat 'n produsent daaglik neem, is in wese besluite oor risiko.

**En die waarheid is – produsente bestuur reeds risiko.
Die vraag is net of dit doelbewus of onbewustelik gebeur.**

Neem byvoorbeeld hoe produsente hul produk aanpas in ooreenstemming met die weer. Indien dit 'n seisoen is met hoë reënval, word minder Thompsons en Goue Sultanas gemaak, en meer geloogde produk. Indien die reën al op pad is, word Merbein vroeër gesny, al is die suiker nog nie optimaal nie – dit kan 'n klein impak op die gradering hê, maar dis steeds beter as wat die druiwe oopbars. Op die oog af is dit net 'n aanpassing, maar in werklikheid is dit 'n baie goeie voorbeeld van risiko-bestuur – die bestuur van produksie- en kwaliteitrisiko in reaksie op weerstoestande.



From offline to off the grid

As a leader in Agric finance, we're there to help farmers keep their farms running through Sustainable Agric Solutions

Switch to FNB Agric

Help changes everything

Terms and conditions apply.
Credit is subject to qualifying criteria.

First National Bank, First National Bank and Webank are divisions of FirstRand Limited. An Authorised Financial Services and Credit Provider (NBSFP001)



Dieselfde beginsel geld oor 'n wye spektrum van besluite op plaasvlak:

- Wanneer 'n produsent kies om in goeie jare reserwes op te bou, bestuur hy die risiko van swak jare.
- Wanneer daar in hervestigings of droogfasiliteite belê word, word produksierisiko oor die langtermyn aangespreek.
- Wanneer 'n kontantvloeiëbegroting gereeld opgedateer word, word likiditeitsrisiko aktief bestuur.
- Wanneer daar met 'n finansierder openlik en gereeld gekommunikeer word, word die risiko van ongeliktheid aangespreek. Dit lei tot beter begrip van die situasie en maak dit moontlik om vroegtydig aanpassings te maak (indien nodig).

Elke besluit wat nie gemaak word nie, en elke risiko wat nie aangespreek word nie, bring sy eie gevolge mee. Om 'n besluit te ignoreer en te hoop dat die uitdaging sal verdwyn, verminder nie net beheer oor die uitkoms nie – dit verhoog dikwels die risiko van groter uitdagings later. Dit geld vir insetpryse, opbrengs, arbeid, opvolging en selfs die interaksie met ander rolspelers in die waardeketting.

Boerdery is elke dag dinamies. Dinge gebeur nie altyd soos beplan nie, en dit is maklik om terug te val op ou praktyke van “die goeie ou dae”. Die risiko daarvan om op die ou manier aan te gaan, is dat dit 'n beperking plaas op nuwe idees, aanpasbaarheid, sowel as vooruitgang, wat die besigheid oor die langtermyn meer kwesbaar maak vir mark- en omgewingsveranderinge. Die risiko van vernuwung en verbetering lê in aanvanklike onsekerheid, maar dit bied ook die geleentheid om produksie, winsgewendheid en volhoubaarheid te verhoog.

Dit is ook belangrik om te besef dat die risiko's wat op plaasvlak ervaar word, nie geïsoleerd bestaan nie. Rolspelers verder op en af in die bedryf kan 'n wesenlike impak op die boerdery hê. Byvoorbeeld, produsente kan moontlik spog met graderings nadat daar druk op 'n verpakker toegepas is, maar indien die verpakker nie die produk kan verkoop nie, het dit uiteindelik 'n negatiewe impak terug op die plaas. Alle rolspelers in die waardeketting is afhanklik van mekaar, en 'n bewuste begrip van hierdie risiko's stel produsente in staat om hul eie risiko's beter te bestuur en verrassings te vermy.

Die verskil tussen reaktiewe en aktiewe risiko-bestuur is krities:

- **Reaktiewe bestuur** verwys na situasies waar daar eers opgetree word nadat 'n probleem reeds ontstaan het. Hierdie benadering is dikwels onvoldoende en nie volhoubaar nie.
- **Aktiewe risiko-bestuur** behels die voorsiening, beplanning en bestuur van risiko waar moontlik, sodat probleme beperk en geleenthede benut kan word. Dit is die benadering wat volhoubare boerdery onderskei.





Die geleentheid lê daarin om te besef dat risiko-bestuur nie slegs 'n noodsaaklikheid is nie, maar ook 'n strategiese geleentheid.

Wanneer produsente dit meer doelbewus benader, versterk dit nie net hul finansiële en produksie-posisie nie, maar verbeter dit ook die vermoë van die boerdery om in beide goeie en moeilike jare te floreer.

Produsente bestuur reeds daaglik risiko - die verskil lê daarin om dit doelbewus en gestruktureerd te doen.

Groete,



Dawie Maree
Hoof: Kommunikasie
en Bemaking
FNB Landbou



Madene Conradie
Landboubestuurder
FNB Landbou



From one generation to the next

FNB Private Banking partners with you, your family and your business to ensure that your family's legacy is preserved

Switch to FNB Private Banking

Help changes everything





From humble roots to towering yields



Cultivate sustainable agricultural growth with FNB

Sustainability is no longer optional, it's essential to the future of agriculture. FNB supports Enterprise agricultural businesses with tailored solutions that help you farm sustainably while remaining profitable, resilient and competitive.

Sustainable agriculture solutions

Solar and wind

Finance solar and wind energy solutions with flexible interest options. Reduce energy costs and your carbon footprint while securing reliable, affordable power.

Water

Access efficient irrigation, grey water recycling and water harvesting solutions that conserve water, optimise usage and protect yields during dry seasons.

FNB Agriculture Sustainability Loan

Benefit from competitive rates and flexible repayment terms to support sustainable initiatives such as shade nets, irrigation efficiency and waste management.

Advisory services

Our expert advisory services help you plan and implement a sustainability roadmap aligned to your farm's goals and ESG requirements.

Let us help you cultivate new opportunities and grow your business.

Contact the FNB Sales Acquisition team and get expert industry advice. For more information, visit fnb.co.za or e-mail agric@fnb.co.za



Contact your relationship manager

Help Changes Everything

Terms and conditions apply.

First National Bank A division of FirstRand Bank Limited. An Authorised Financial Services and Credit Provider (NCRCP20). FSP 624





FNB - Personeel



Danny Stannard

Bankier

072 631 6199

✉ Daniell.Stannard@fnb.co.za



Ian Maritz

Bankier

082 353 5780

✉ CMaritz2@fnb.co.za



Hendrina du Plessis

Bankier

076 812 2003

✉ HduPlessis3@fnb.co.za



Jerome Richards

Bankier

083 643 4019

✉ JRichards@fnb.co.za



Gerhard Jacobs

Bankier

078 803 9323

✉ Gerhard.Jacobs1@fnb.co.za



René Fourie

Area Bestuurder:

Laer Oranjerivier Area

072 110 9893

✉ Rfourie3@fnb.co.za



Hendrik Coetzee

Streekshoof:

Noord-Kaap

071 142 6020

✉ Hendrik.Coetzee@fnb.co.za



Madene Conradie

Landboubestuurder:

FNB Landbou

079 862 9752

✉ madene.conradie@fnb.co.za

Bedryfstruktuur

Raisins South Africa (Raisins SA) is 'n statutêre, nie-winsgewende instansie wat in die belang van die Suid-Afrikaanse droogdruive bedryf optree.

Raisins SA hanteer die administrasie van die statutêre heffing in terme van Wet 47 van 1996 en wend dit dienooreenkomstig aan in die belang van die droogdruive produsent. Raisins SA streef daarna om die volhoubaarheid van die bedryf te bevorder vir nou en die toekoms.

Die voorgenoemde word gedoen deur 'n platform te skep waar deelnemers in die waardeketting bedryfsrisiko's kan kommunikeer, om sodoende gefokusde bedryfsnavorsing te onderneem. Raisins SA is ook verantwoordelik vir die oordrag van relevante bedryfsinligting en kennis na sy lede. Daar is ook noue skakeling met bedryfsrelevante en regerings rolspelers om by te dra tot die bevordering van transformasie in dié bedryf.

Doel van hierdie gids



Die doel van hierdie dokument is om bedryfsnorme vir die bedryf te publiseer, met die volgende spesifieke doelstellings:

1. Lig produsente in vir beter produksiebesluite.
2. Bepaal die potensiele opbrengs op kapitaal vir die bedryf.
3. Tref vergelykings tussen 'n bedryfsgemiddeld en toppresteerders.
4. Identifiseer dienooreenkomstige bedryfsrisiko's en geleenthede.
5. Dien as riglyn vir finansiële beplanning en/of opstel van toekomstige begrotings.
6. Dien as verwysings dokument vir finansierders en ander rolspelers tot die bedryf.

Bydraes tot die publikasie

As vertrekpunt wil ons graag die deelnemers aan ons studiegroep bedank vir hul tyd en deelname.

Sonder hierdie toegewyde betrokkenheid is die publikasie van hierdie kostegids bloot nie moontlik nie. 'n Groot dankie aan Charl Koortzen, in diens van Frudata, vir die verwerking van die inligting en die aanbied van onderskeie terugvoersessies tydens die opstel van hierdie dokument.

Dit is belangrik om daarop te let dat alle data voor 2023 afkomstig is van beide Vinpro en Frudata, maar sedert 2023 word slegs Frudata se syfers gepubliseer.

Die samestelling van hierdie kostegids is te danke aan bydraes gelewer deur verskeie partye; onder andere produsente, verpakkers, finansierders en insetverskaffers.

Raisins SA wil graag ook ons borge bedank vir hul betrokkenheid in die publikasie van hierdie kostegids. **By uitsondering wil ons die FNB-span bedank vir hul direkte betrokkenheid en samewerking om hierdie gids te verwesenlik.**

Vrywaring

Die voorbereiding van hierdie dokument is noukeurig gedoen om die akkuraatheid van inligting sover moontlik te verseker. Die verbruiker van hierdie dokument wend dit aan op eie risiko. Nie die dataverwerkers, samestellers of die bedryfsliggaam kan aanspreeklik gehou word vir enige skade en/of verliese gevolglik van sodanige besluite of aksies geneem nie, terwyl enige voordeel wat hieruit voortspruit uitsluitlik tot voordeel van die verbruiker sal wees.

Afkortings

STD: Standaard
IND: Industriel
VGW: Van Geen Waarde
GEM: Gemiddeld
NBI: Netto Boerdery Inkomste

GG: Geweegde Gemiddelde
SA: Suid-Afrika
Aantal
***** Projeksies
! Raisin SA se afstamming van DTI in 2019
⋮ Oorskakeling na Frudata as enigste diensverskaffer (op grafieke)

Die wêreldmark praat... verstaan jy die boodskap?

Wêreldekonomiese en markfaktore wat Suid-Afrikaanse rosyntjieproduksie en -bemarking in 2026/27 direk beïnvloed.

Die Suid-Afrikaanse rosyntjiebedryf beweeg die 2026/27-seisoen binne onder toestande van verhoogde internasionale geo-politiese onsekerheid, hoër logistieke koste en toenemende mededinging vanuit ander produksielande. Die belangrikste faktore wat die bedryf in die volgende 12 maande direk sal beïnvloed, is ru-oliepryse, wisselkoerse, internasionale aanbod, plaaslike produksievlakke en uitvoerlogistiek.

Die grootste onmiddellike kostedruk bly internasionale oliepryse. Brent-ruolie het gedurende April 2026 gemiddeld ongeveer VSA\$117 per vat verhandel, hoofsaaklik as gevolg van spanning in die Midde-Ooste en onsekerheid rondom olie-uitvoer deur die Straat van Hormuz. Die Amerikaanse Energy Information Administration (EIA) verwag dat Brent ru-olie gedurende die tweede kwartaal van 2026 gemiddeld rondom VSA\$106 per vat kan verhandel, voordat pryse moontlik gedurende 2027 na ongeveer VSA\$79 per vat kan afkoel. Hoër oliepryse verhoog dieselkoste vir besproeiing, meganisasie, vervoer, droogprosesse en uitvoerlogistiek direk. Dit plaas druk op produsentemarges, selfs waar internasionale rosyntjiepryse relatief stabiel bly.

Die wisselkoers tussen die Suid-Afrikaanse rand en die Amerikaanse dollar bly een van die belangrikste bepalers van plaaslike rosyntjie pryse. Volgens die Suid-Afrikaanse Reserwebank-data het die rand teen laat Mei 2026 rondom R16,35 teenoor die dollar verhandel. Internasionale wisselkoers voorspellings dui daarop dat die rand waarskynlik oor die volgende 12 maande binne 'n band van ongeveer R15,80 tot R17,20 teenoor die dollar kan beweeg, afhangend van ru-oliepryse, Amerikaanse rentekoerse, plaaslike fiskale stabiliteit en wêreldwye risiko-sentiment. 'n Swakker rand ondersteun uitvoerinkomste en produsente se realisasie, maar terselfdertyd verhoog ingevoerde insetkoste soos brandstof en plaagdoders. Die rand se vooruitsig vir 2026/27 bly gevolglik uiters sensitief vir internasionale ru-olie- en rentekoersbewegings.

Die mees onlangse Suid-Afrikaanse lewerings vir die 2025/26-seisoen beloop ongeveer 97 000 ton. Hoewel dit beter is as die vroeëre verlaagde oesskatting, bly die oes steeds onder die aanvanklike optimistiese verwagtings van die bedryf. Die groter beskikbare volume verbeter uitvoerbesikbaarheid en markteenwoordigheid, maar verhoog ook die belangrikheid van effektiewe bemarking en voorraadbestuur gedurende die tweede helfte van 2026.

Internasionale pryse het gedurende 2026, ná die sterk marktoestande van 2024 en 2025, begin normaliseer. Thompson Seedless-rosyne het gedurende 2025 dikwels teen ongeveer US\$3 000–3 200 per ton verhandel, terwyl huidige pryse nader aan ongeveer US\$2 700–2 900 per ton beweeg. Turkse sultanas, wat gedurende 2025 sterk prysondersteuning as gevolg van kleiner oeste geniet het, verhandel tans rondom US\$2 450 – 2 550 per ton FOB Izmir.



Die verwagte herstel in Turkse produksie gedurende die tweede semester van 2026 kan verdere druk op internasionale pryse plaas namate groter volumes weer die mark betree. Suid-Afrikaanse uitvoerders sal gevolglik toenemend moet fokus op kwaliteit, dienslewering, markdiversifikasie en strategiese kontraktering om winsgewendheid te beskerm.

Logistieke prestasie en hawe-doeltreffendheid bly steeds 'n kritieke risiko vir die Suid-Afrikaanse uitvoerbedryf. Vertraagde dienslewering in hawens, verhoogde hanteringskoste en onbetroubare logistieke prestasie beïnvloed uitvoerkoste, kontraknakoming en internasionale kliëntevertroue direk. Agbiz beklemtoon voortdurend dat logistieke hervorming en infrastruktuurverbetering noodsaaklik is om Suid-Afrika se landbou-uitvoerpotensiaal te beskerm.

Teen hierdie agtergrond sal die mededingendheid van die Suid-Afrikaanse rosyntjiebedryf gedurende die volgende 12 maande hoofsaaklik bepaal word deur koste-bestuur, wisselkoersbewegings, logistieke betroubaarheid, kwaliteitdifferensiasie en die vermoë om strategies op internasionale markveranderings te reageer.



Raisins South Africa sal voortgaan om spesifiek op hierdie kernaspekte te fokus ten einde die bedryf se internasionale mededingendheid, marktoegang en langtermyn volhoubaarheid te ondersteun.



Suid-Afrika droogdruifstatistiek 2025

Die droogdruifbedryf maak 'n beduidende bydrae tot die skep van welvaart in beide die Noord- en Wes-Kaap produksie-gebiede.


Die bedryf dra beduidend by tot die verligting van armoede deur werk te skep in veral landelike produksie-areas. Die bedryf is redelik gekonsentreerd in die Oranjerivier-gebied van die Noord-Kaap, tesame met die Olifantsrivier en enkele produsente in ander gebiede.

Die droog van druiwe is 'n intensiewe bedryf wat groot waarde tot die primere produk toevoeg, deur verdere verwerking op plaasvlak. Die totale plaashekwaarde was ongeveer R3 110 miljoen¹, gebaseer op die totale innames en die geweege gemiddelde pryse, 'n toename van ongeveer 32% vanaf verlede jaar se waarde van R2 363 miljoen. Ongeveer 74% van die tonne in 2025 was uitgevoer.

Die Suid-Afrikaanse bedryf verteenwoordig 8% van totale wêreldproduksie in 2025. Tabel 1 gee 'n opsomming van die sleutel bedryfstastieke.

Alhoewel Suid-Afrika die sesde grootste produserende rosyntjie-land in die wêreld² is, met 'n totale oesgrootte van ongeveer 98 877 ton vir 2025 (uitgesluit invoere vanaf Namibië), is Suid-Afrika die tweede grootste uitvoerder in die wêreld, met 73 553 tonne uitgevoer in 2025.

In 2020-2023 het ongunstige weerstoestande die volumes negatief beïnvloed het. Daarna het die produksie volumes spoedig herstel en aansienlik toegeneem. Raisin SA beraam dat vir 2026 die totale inlewerings 96 367 ton* kan beloop, waarvan ongeveer 2 000 ton vanaf Namibië ingevoer word³. Daar word verwag dat die bedryf die groeikoers sal volhou en daar word geprojekteer dat die innames teen 2030 ongeveer 116 482 ton* sal wees.



Figuur 1: Suid-Afrikaanse Inlewerings in tonne⁵

1 (Raisin SA Berekening, 2026)

2 (INC, 2026)

3 *(Raisin SA Berekening, 2026) (Raisin SA Inlewerings, 2026) Berekening: Poly graph gebaseer op 2024 ($y = -238,30x5 + 17\,801,78x4 - 479\,595,23x3 + 5\,261\,713,65x2 - 13\,434\,152,36x + 10\,540\,413,08$)

4 (Punt, 2026)

5 (Raisin SA Inlewerings, 2026) (Raisin SA Berekening, 2026)

Pad na 150 000 ton (gebaseer op die 2025-oes van 100 877 ton)

Die pad na 'n oes van 150 000 ton kan verstaan word as 'n geleidelike opbou vanaf die 2025-basis van 100 000 ton, met 'n reeks realistiese verbeterings en uitbreidings oor tyd.

Die eerste belangrike bydrae lê in die vervanging van ou wingerde, spesifiek die 20% wat ouer as 20 jaar is, veral Sultana-blokke. Deur hierdie wingerde met hoër-produiserende, moderne kultivars te vervang, kan 'n bykomende 12 000 ton gerealiseer word, wat die totaal na ongeveer 112 000 ton neem.

'n Verdere betekenisvolle styging kom van jong wingerde wat tans nog nie hul volle produksie bereik het nie. Hierdie wingerde, wat ongeveer 9% van die totale area uitmaak, verhoog hul opbrengs tipies van sowat 2 ton per hektaar tot ongeveer 7 ton per hektaar soos hulle volwasse raak. Dit kan 'n addisionele 7 000 ton bydra en die totaal tot ongeveer 119 000 ton verhoog.

Verbeterings in produksiepraktyke oor die bedryf heen bied nog 'n geleentheid vir groei. Selfs 'n gemiddelde verhoging van net 'n halwe ton per hektaar kan 'n bykomende 6 000 ton oplewer, wat die totaal na ongeveer 125 000 ton neem. Hierby kan die beperking van oesverliese, soos dié wat in 2025 met Merbein Seedless as gevolg van reën ervaar is, 'n verdere bydrae maak. Deur produkte te kies wat vroeër geoes kan word, soos SA Sultanas, kan verliese beperk word en sowat 4 000 ton herwin word, wat die totaal op ongeveer 129 000 ton te staan bring.

Die uitbreiding van die totale produksie-area dra ook by tot die groei. Konserwatief geskat kan ongeveer 500 hektaar nuwe aanplantings bykom, onder meer deur die vervanging van tafeldruiwe of deur wisselbou. Teen 'n opbrengs van ongeveer 8 ton per hektaar kan dit nog 4 000 ton toevoeg en die totaal na ongeveer 133 000 ton verhoog.

Die grootste enkele potensiële sprong lê in die maontlike verhoging van die Clanwilliamdam se wal, wat na raming sowat 2 000 hektaar ekstra besproeiing kan ontsluit indien dit realiseer. Teen dieselfde opbrengsaanname kan dit 'n verdere 16 000 ton bydra, wat die totaal tot ongeveer 149 000 ton bring. Die oorblywende klein gaping tot 150 000 ton kan oor tyd oorbrug word deur algemene verbeterings soos tegnologiese vooruitgang, beter kultivars en verhoogde bestuursdoeltreffendheid.

Dit is egter belangrik om te beklemtoon dat hierdie berekening op hoëvlak aannames berus en dat veral die Clanwilliamdam-uitbreiding aan beduidende tyds- en ekonomiese onsekerhede onderhewig is.

Sleutel Bedryf Statistiek

Tablel 1: Rosyntjie Bedryf Statistiek vir 2025

Item	Besonderhede	Eenheid	JoJ	2025	2024
Wêreldproduksie⁵	Totale Produksie	Ton	-10%	1 176 160	1 310 000
Voorraad op hande⁵	Begin	Ton	73%	154 200	89 207
Wêreldverbruik⁵	Jaarlikse verbruik	Ton	-12%	1 176 410 *	1 338 505
Eindvoorraad⁶	Eind	Ton	154%	153 950	60 702
Wêreld Bevolking⁷	Miljoen Persone (p)	p	5%	8 232	7 866
Per capita verbruik⁶	Internasionaal	Kg/p	-16%	0,14	0,17
Totale Suid-Afrika Inlewerings⁸	Totale Inlewerings	Ton	5%	98 877	94 088
SA bemerkbare produk⁶	(VGW ingesluit)	Ton	5%	92 945	88 443
SA Produk uitgevoer¹⁰	-	Ton	-6%	73 553	77 991
SA Plaaslike verbruik⁹	-	Ton	2%	9 206	9 022
SA inlewerings relatief tot wêreldproduksie⁶	SA bedryf teenoor Wêreld	%	17%	8%	7%
Suidelike Halfron¹⁰	-	Ton	-13%	179 414	206 725
SA inlewerings relatief tot Suidelike halfron⁶	Suidelike Halfron	%	21%	55%	46%
Wereld Uitvoere¹⁰	-	Ton	6%	913 274	860 935
SA inlewerings relatief tot wêreld uitvoere⁶	SA bedryf teenoor Wêreld	%	-11%	8%	9%

6 (INC, 2026)

7 (Raisin SA Berekeninge, 2026)

8 (UNFPA, 2025)

9 (Raisin SA Inlewerings, 2026)

10 (Agnihub, 2026)

11 (Trademap, 2025)



Item	Besonderhede	Eenheid	JoJ	2025	2024
SA Produksiegebied	Totale bedryf ⁹	Ha	6%	15 751	14 796
	Oranjerivier ⁹	Ha	8%	13 428	12 476
	Olifantsrivier ⁹	Ha	-7%	2 129	2 286
	Ander Areas ⁹	Ha	483%	194	33
	Totale bedryf ⁶	Ton (nat)	3%	395 509	376 352
	Totale bedryf ⁸	Ton (droog)	5%	100 877	96 444
	Oranjerivier ¹²	Ton (droog)	4%	82 907	80 082
	Oranjerivier ¹³	Ton/ha (droog)	-4%	6,17	6,42
	Olifantsrivier ¹¹	Ton (droog)	14%	15 970	14 006
	Olifantsrivier ¹²	Ton/ha (droog)	22%	7,50	6,13
	Namibië ¹¹	Ton (droog)	-15%	2 000	2 356
Produksamestelling¹¹	Thompson	%	3%	58%	55%
	Goues	%	-7%	15%	22%
	Flame	%	-1%	6%	7%
	OR's	%	0%	3%	3%
	SA's	%	6%	10%	4%
	Korente	%	1%	4%	3%
	Ander	%	-3%	3%	6%
Waarde van produksie¹² (Plaashek)	Totaal	R miljoen	32%	3 110	2 364
	Oranjerivier	R miljoen	33%	2 652	1 998
	Olifantsrivier	R miljoen	15%	420	366
	Ander Areas	R miljoen	-	38	-

/// 12(Raisin SA Inlewerings, 2026)

/// 13(Raisin SA Berekeninge, 2026)

/// 14(DTI, 2019)

Item	Besonderhede	Eenheid	JoJ	2025	2024
Aantal produsente¹²	Totaal	Syfer	0%	773	773
	Oranjerivier	Syfer	0%	584	584
	Olifantsrivier	Syfer	0%	189	189
Aantal verpackers¹²	Totaal	Syfer	17%	7	6
Kapasiteit¹²	Verpakking	Ton	0%	100 000	100 000
Kapasiteit benutting¹²	Totale produksie / kapasiteit benut	%	4%	101%	96%
Arbeid¹⁴	Direk	Syfer	6%	27 259	25 606
	Indirek	Syfer	6%	2 493	2 342
Totale arbeid¹²	Totaal	Syfer	6%	29 752	27 948
Gemiddelde arbeid¹²	Direkte arbeid	p/ha	-	1,73	1,73
	Indirekte arbeid	p/ha	-	0,16	0,16
Totale arbeid¹²	Totale arbeid	p/ha	-	1,89	1,89
Afhanklikes geaffekteer¹²	Totale bedryf	Syfer	6%	148 761	139 738
Fiskale bydrae¹³	Nasionaal, Provinsiaal en Plaaslike Owerheidsvlak	R (miljoen)	-	1 122	1 122





SAFARI

SAFARI UPINGTON IS A WORLD CLASS PRODUCTION FACILITY.
THE 8TH LARGEST PLANT OF ITS KIND IN THE WORLD.

EVERY DAY, WE ARE
DEDICATED TO OUR MISSION
TO CREATE MORE SMILES
WITH EVERY SIP AND EVERY
BITE TO LIFE.



PepsiCo is one of the world's leading food and beverage companies, serving more than **200 countries and territories around the world**. PepsiCo Sub Saharan Africa employs more than 12, 000 people across our three business divisions: SA Food and Beverages, Essential Foods and West, East and Central Africa (WECA). In South Africa, our key brands include SASKO, Weet-Bix, White Star, Simba, Lay's and Liqui Fruit.

Guiding PepsiCo is its vision to be the Global Leader in Beverages and Convenient Foods by winning with purpose through PepsiCo positive. PepsiCo positive is a strategic end-to-end transformation with sustainability at its core. This strategy guides how PepsiCo will transform its business operations to chart a new course to drive positive action for the planet and people. To this end, the Safari production facility in Upington uses solar power and embraces water consciousness with a water purifying plant for effluent to reduce water consumption.

It is a world-class production facility, the **8th largest plant of its kind in the world**. To ensure the superior quality that our Safari products are known for, our plant is BRC and ISO 14001 accredited and AIB certified. All products are laser scanned for quality control.

📍 Louisvale Rd, Upington, 8801

☎ 054 337 2300

✉ Sanneliza.Coetzee@pepsico.com
Nico.Koch@pepsico.com
Pierre.Lotriet@pepsico.com



Geografiese produksie-areas


TOTAAL: Droogdruive Hektare ¹⁵ 15 751 (ha)
TOTAAL: Produksie tonne ¹⁶ 98 877 (ton)

Oranjerivier - Hektare¹⁴ 13 428 (85%)
- Inlewerings Tonne¹⁵ 82 907 (84%)

Olifantsrivier - Hektare¹⁴ 2 129 (14%)
- Inlewerings Tonne¹⁵ 15 970 (16%)

Ander - Hektare¹⁴ 194 (ha)

Namibië - Inlewerings Tonne¹⁵ 2 000 Ingevoer



Deelname en aannames

Bedryfsinligting word reeds vanaf 2019 deur Raisins SA saamgestel in samewerking met Vinpro en Frudata wat opgetree het as onafhanklike diensverskaffers.

Sedert 2023 tree Frudata alleenlik op as die onafhanklike diensverskaffer, en die jaarlikse deelname van produsente word deur Figuur 2 geïllustreer vanaf 2023 wat Frudata se studiegroep gebruik word.

2025 se steekproef is as volg saamgestel:




■ 24 vanuit die Oranjerivier ■ 5 vanuit die Olifantsrivier

1 601,08 hektaar, met 12 983,1 ton in totaal

Steekproefgrootte is ongeveer 13,13% van totale bedryfsvolume.

Die resultate in hierdie gids is gepubliseer uit die verwerkte data van die studiegroep deelnemers en slegs groepgemiddeldes word gedeel.



Figuur 2: Aantal deelnemers aan studiegroep¹⁷



Die volgende aannames en werksyuses is relevant tot hierdie publikasie:

- Die vertroulikheid van elke produsent is nie-onderhandelbaar en geen individuele data word openbaar nie. Resultate verteenwoordig slegs groep geweegde gemiddeldes en geen individuele syfers word hierin vervat nie.
- Die ontleding hanteer die vertakking in geheel (draende en nie-draende hektare) en daar word nie onderskei tussen kultivars en sekere blokke tydens die koste-ontleding getref nie. Die groter meerderheid van die deelnemers is gediversifiseerd en verskil ten opsigte van plaasgrootte.
- Die verslag verteenwoordig bedryfsgemiddelde syfers, wat bereken word deur die geweegde gemiddeld van al die deelnemers te bepaal.
- Met die berekening van voorsiening vir vervanging word items oor verskillende termyne afgeskryf teen vervangingswaarde:
 - » **Geboue** 60 jaar
 - » **Wingerde** 20 jaar
 - » **Los bates/produksiemiddele** 7 – 15 jaar
- Die winsgewendheid, oftewel netto boerdery-inkomste (NBI), word as totale inkomste ($R/t \times t/ha$) minus totale produksiekoste bereken. Laasgenoemde bestaan uit kontantuitgawes en voorsiening vir vervanging, maar sluit renteverpligtinge en belasting uit.
- Neem kennis dat daar na beide 'droë ton' en 'nat ton' verwys word in hierdie publikasie.
- Produksiekoste is al die uitgawes om die spesifieke oes voor te berei.
- Inligting ingesamel en verwerk is afkomstig van 24 produsente in die Oranjerivier en 5 in die Olifantsrivier.

Die uiteensetting van die kostegids is as volg:

- Daar word eerstens kostestruktuur besprekings hanteer, met onderskeid tussen kontant- en nie-kontantuitgawes.
- Daarna verskuif die fokus na inkomstegenerering vir die bedryf, waar opbrengs, gradering en pryse kortliks bespreek word.
- Aan die lig van die voorgenoemde, word daar gekyk na die marges in die bedryf. Die gelykbreek en sensitiwiteit van prys en opbrengs word kortliks bestudeer.
- Die gids word afgesluit om met 'n groter fokus na die bedryf se produksiegebiede te kyk en dit sodanig te bespreek. Ter opsomming is 'n aanduiding van sleutelfaktore tot die toppreesteerders se sukses.





20 YEARS
of excellent quality & service

Carpe Diem
RAISINS
The preferred global supplier of vine fruit

Plot 18, Straussburg, Upington, 8816
Tel: +27 (0)54 332 2901 - marketing@cdgroup.co.za
www.cdgroup.co.za

MACDONALD'S
TRANSPORT / WAREHOUSING
SINCE 1933

PROUDLY SERVING FOR
90 YEARS
WE THANK YOU

Kontak ons vandag vir 'n kwotasie

+27 87 095 2050
 sales@macdon.co.za
 www.macdonaldstransport.co.za

U VERVOER PROBLEEM
is ons spesialiteit


RAISINS SOUTH AFRICA NPC / KOSTEGIDS / 2026



Produksiekoste van droogdruive

Die afgelope tien jaar se totale produksiekoste (kontantuitgawes plus voorsiening vir vervanging) word voorgestel in Figuur 3.

Totale produksiekoste het vanaf R139 235 in 2024 toegeneem tot R150 537 in 2025 (styging van 8,12%).



Figuur 3: Totale produksiekoste¹⁸

'n Wesenlike verskil word opgelet tussen die 2022 en 2023 syfers (Oorskakeling na Frudata as enigste diensverskaffer voorgestel deur die stippellyn op die grafiek). Dit kan verduidelik word deur:


- Frudata neem die salarisse van eienaars en produksiebestuurders ook in ag, en nie net die arbeidskoste van minimum loon arbeiders nie.
- Frudata neem ook admin kostes in ag waar Vinpro gefokus het op meer direkte produksiekoste.

Figuur 4 toon die samestelling van totale produksiekoste. Die kontantuitgawekomponent verteenwoordig 84% van totale produksiekoste in 2025. Die verskil tussen die totale koste en kontantproduksiekoste is gelykstaande aan die voorsiening gemaak vir vervangingskoste wat die oorblywende 16% is van die totale produksiekoste.

Dit is noodsaaklik dat daar oor tyd voldoende voorsiening gemaak word vir kapitaalvervanging. Hierdie beginsel is veral belangrik vir die produksiebasis: volhoubare produksie vereis deurlopende vernuwing van wingerde as biologiese bate. Die vervanging van ou, minder winsgewende blokke skep nie net ruimte vir verbeterde doeltreffendheid nie, maar bied ook aan produsente die geleentheid om voordeel te trek uit nuwe en verbeterde kultivars.

Hierdie verbeterings kan onder meer verhoogde opbrengste, beter droogverhoudings, groter reënbestandheid, asook meer buigsame produksietydgleuwe insluit.

Kapitaalverbeteringe strek egter wyer as slegs die biologiese bates van die besigheid en sluit dus ook in: drooginfrastruktuur, meganiese toerusting, implemente, gereedskap en ander grootmaatinfrastruktuur (waterspreiding, behuising, ens.). Ongeveer 74% van die vervangingskoste word spandeer aan wingerde, sien Tabel 2 vir meer besonderhede.



Figuur 4: Samestelling van totale produksiekost¹⁹

Tabel 2: Samestelling van die totale voorsiening van vervangingskoste (koste per hektaar)²⁰


Samestelling van voorsiening van vervangingskoste	Vinpro & Frudata		Frudata		
	2021	2022	2023	2024	2025
Vervanging van wingerde	13 103	15 027	15 913	16 650	17 600
Vervanging van geboue	1 278	1 777	901	945	1 013
Vervanging van losgoed	4 794	3 990	4 613	4 838	5 184
TOTAAL	19 176	20 794	21 427	22 433	23 797

19 (Vinpro, 2022) (Frudata, 2026)

20 (Vinpro, 2022) (Frudata, 2026)

Kontant produksiekoste word saamgestel deur direkte kostes, arbeid, meganisasiekoste, administratiewe kostes en algemene uitgawes (Sien gedetailleerde uiteensetting in Tabel 17).

Arbeid bly steeds die grootste enkele produksiekoste. Lone arbeid verteenwoordig 39%, terwyl produksie en bestuur salarisse 10% verteenwoordig. Dus is dit gesamentlik 49% van die totale kontantuitgawes - verwys na Figuur 5.



Figuur 5: Samestelling van kontantuitgawes⁴⁹

Die meeste direkte produksie-insette (kunsmiss, spuitmiddels, brandstof, ens.), asook meganiese toerusting en onderdele, word ingevoer en is dus direk onderhewig aan die heersende wisselkoers (Figuur 29). Oor die afgelope drie jaar het die gemiddelde wisselkoers effens versterk vanaf 2023, dus verlig dit die druk op insetpryse.

Die styging in arbeidskoste dra wesenlik by tot die koste-knyptangeffek en produsente is voortdurend besig om praktyke te vernuwe vir die verhoging van produktiwiteit. Lone arbeidskoste verteenwoordig rondom 39% van kontantuitgawes van 'n onderneming se totale kontantuitgawe-kostestruktuur. Produksie-eenheidgrootte speel ook 'n rol, as gevolg van skaalvoordele verlaag die permanente arbeid per hektaar soos die produksie eenhede groter word.

Die volgende moet in ag geneem word rakende arbeid:


- Tipe produk geproduseer
- Hoeveelheid produk geproduseer

Dit is belangrik om die afgelope vyf jaar se toenemende arbeidskoste in konteks te plaas. Inleweringsvlakke het oor hierdie tydperk 'n gemiddelde jaarlikse groei van 6,73% getoon. Die grootste ommaswaai het egter in die 2023/24-seisoen plaasgevind, met 'n jaar-tot-jaar toename van 64%²¹ (57 515 ton na 94 088 ton) soos aangedui in Figuur 1.




Sedert 2023 word gebruik gemaak van Frudata se syfers, die minimum loon het oor drie jaar gemiddeld gegroei met 7,69% sedert 2023, wat 'n effek het op die verhoging in arbeids koste²² vanaf 2023.

Die onderstaande Figuur 6 verwys na die verandering van kontantuitgawes oor die afgelope 5 jaar.



Figuur 6: Kontantuitgawes oor tyd²³



Figuur 7: Kontantuitgawes teenoor Inlewerings²⁴

Lewerings het sterk herstel vanaf 2023 en alhoewel stygende kostes, veral arbeids kostes, moontlik druk kan sit op winsgewendheid, as dit nie goed bestuur word nie, is dit duidelik dat die kostes per ton gedaal het oor die afgelope 3 jaar. In 2023 was die uitgawes R24 402/ton teenoor 2025 se R15 088/ton, 'n afname van 38%. Dus is dit duidelik dat die hoër gemiddelde produksie/hektaar (Tabel 14) skaalvoordele inhou.




22 (Frudata, 2026)
 23 (Vinpro, 2022) (Frudata, 2026)
 24 (Raisin SA Inlewerings, 2026) (Frudata, 2026)

Die onderstaande Figuur 8 toon die historiese inligting vir die minimum loon. Dit ondersteun die ingevorderde bedryfsinligting en toon dus die volle impak daarvan sedert die 2017-seisoen. Die minimum loon vir 2025 was R28,79/uur wat 'n 4% verhoging is vanaf 2024 se R27,58. Die minimum loon het weer gestyg in 2026 met 5% na R30,23.

